

HOOFSTUK 4

DIE BEËINDIGING VAN ONDERHOUDSBEVELE

4.1 INLEIDING

Verskillende situasies kom voor waar die beëindiging van die onderhoudsbevel ter sprake kom. Hierdie gevalle word vervolgens beskou.

4.2 DOOD VAN EEN OF ALBEI VAN DIE PARTYE¹

'n Onderhoudsbevel ingevolge 'n onderhoudsooreenkoms² word nie beëindig na die dood van die pligtige nie, tensy die ooreenkoms tot die teendeel spreek.³

Sterf die geregtigde spreek dit vanself dat die bevel wel tot 'n einde kom, aangesien die onderhoudsbevel tog vir die lewensonderhoud van die geregtigde alleen geld.⁴

Kritiek teen die standpunt dat onderhoudsbevele wat op ooreenkoms berus, steeds van krag bly na die dood van die pligtige het nie agterweë gebly nie.

Regter Van Zijl⁵ spreek kritiek uit teen die sake⁶ wat die standpunt huldig dat die bevel na dood van die pligtige gelding geniet en motiveer dit so:⁷

"My reasons are based upon considerations such as: the failure of the Matrimonial Affairs Act to make any provision for the support of a surviving spouse and in particular the judicially separated spouse (see Glazer v Glazer, N.O., 1963 (4) S.A. 694 (A.D.)); the peculiarly personal nature of the obligation to maintain (see Tregoning v Tregoning, 1914 W.L.D. 95); the competing claims of spouses (see Hughes' case, supra); the contingent nature of the claim for maintenance; the compensatory nature of the maintenance order; the difficulty of equating the executor and the deceased estate to the guilty spouse;

-
1. Kyk ook hierbo II 2 B 1 2 3 5 5 1.
 2. Art 7(1) van die Wet op Egskeiding, Wet 70 van 1979.
 3. Hierbo 292-293.
 4. Copelowitz v Copelowitz and Others NO 1969 4 SA 64 (K) 71.
 5. Copelowitz v Copelowitz and Others NO 1969 4 SA 64 (K).
 6. Hierbo 292 vn 4.
 7. 70.

the fundamental changes that are brought about in our common law if the payments of maintenance is to continue out of the estate of the guilty spouse; and the oblique manner in which the suggested change has been brought about."

Hahlo¹ lewer die volgende kommentaar op die stelling van regter Van Zyl wanneer lg sê "that he is and always has been of the opinion that Colly's and Owen's cases were wrongly decided

..... The only quarrel with Colly's and Owen's cases can be that the intention to continue the payments after the debtor spouse's death was too readily assumed on the wording of the respective agreements."²

Volgens Hahlo is die hoof beswaar dat die bedoeling dat die bevel na dood van die pligtige steeds gelding geniet, te maklik uit die ooreenkoms veronderstel word.

Alle aanduidings bestaan dat ook bevele ingevolge artikel 7(1) van die Wet on Egskeiding,³ dienooreenkomstig uitgelê sal word aangesien daar geen statutêre bepaling is wat tot die teendeel spreek nie.⁴ Totdat die posisie van 'n eggenoot statutêr gereël word om aan die langsliewende eggenoot die een of ander vorm van lewensonderhoud uit die boedel van die eerssterwende te voorsien, opgeklaar word mag hierdie kritiek geld⁵ - tans bevat die Wet op Huweliksgoedere⁶ ook geen regsreëling oor dié aspek nie.

Onderhoudsbevele kan ook gegee word al het die partye nie 'n ooreenkoms hieroor bereik nie. Artikel 10(1)(a) van die Wet op Huweliksaangeleenthede⁷ het destyds dié bevoegdheid aan die hof gegee, maar het anders as artikel 10(1)(b) uitdruklik bepaal dat die bevel nooit langer van krag kon wees nie as tot die dood of hertroue van die onskuldige eggenoot nie, welke omstandigheid ook eerste mag plaasvind. Het dit beteken dat die bevel steeds van krag bly na die dood van die pligtige?⁸

-
1. 1969 SALJ 385.
 2. 389-390, hierbo 292.
 3. Wet 70 van 1979.
 4. Kyk D J Joubert 1980 De Iure 80 94-95, J D van der Vyver en D J Joubert Persone- En Familiereg 2e Uitg 1985 694, H R Hahlo The South African Law of Husband And Wife 5e Uitg 1985 370.
 5. Hierbo I 2 1 4.
 6. Wet 88 van 1984.
 7. Wet 37 van 1953.
 8. Kyk hierbo II 2 B 1 2 3 5 5 1 293 293 vn 2.

Regter Van Zijl¹ voer drie redes aan waarom die bevel ingevolge artikel 10(1)(a) gegee, na die dood van die pligtige steeds regs krag besit.

Eerstens, omdat die artikel alleen melding maak van die dood of hertroue van die geregtigde, moes die wetgewer die bedoeling gehad het om, net soos by bevel wat op ooreenkoms berus, ook hierdie bevel na die dood van die pligtige te laat voortleef.²

Tweedens, dat indien die wetgewer se bedoeling was dat die bevel by dood van die pligtige tot 'n einde kom, daar 'n verskil sou bestaan het tussen die posisie by die dood van die pligtige indien die bevel ingevolge artikel 10(1)(b) gegee was en indien die bevel ingevolge artikel 10(1)(a) gegee was.³

Derdens, indien die wetgewer wou hê dat die verpligting by sy dood eindig, kon dit maklik gestel gewees het dat die bevel ook by die dood van die pligtige tot 'n einde kom.⁴

Desnieteenstaande regter Van Zijl Colly⁵ en Owens⁶ se sake hierbo⁷ as verkeer aanvaar by bevel wat op ooreenkoms berus, is hy van mening dat die wetgewer se bedoeling was om hierdie siening van die reg ook in te bou in die werking van artikel 10(1)(a) en konkludeer hy dat 'n bevel ingevolge artikel 10(1)(a) ook na die dood van die pligtige voortduur.⁸

Hahlo⁹ lewer kritiek op al drie redes deur regter Van Zijl aangevoer.

Eerstens, verwys hy¹⁰ na die Engelse saak van Birmingham City Corporation v West Midland Baptist (Trust) Association (Incorporated)¹¹ waar Lord Reid die mening huldig dat die feit dat die wetgewer 'n sekere mening huldig oor die stand van die reg, nie die howe verhoed om te beslis dat die reg as't ware iets anders is nie. Die kritiek teen Colly¹² en

-
1. Copelowitz v Copelowitz and Others NO 1969 4 SA 64 (K).
 2. 71.
 3. 71.
 4. 71.
 5. 1946 WLD 83.
 6. 1946 CPD 226.
 7. 292.
 8. 71.
 9. 1969 SALJ 385.
 10. 390.
 11. [1969] 3 All ER 172 (HL).
 12. 1946 WLD 83.

Owens¹ is reeds gestel² en dit beteken tog seker nie dat dieselfde vrygewige interpretasie ook in artikel 10(1)(a) gelees moet word nie.

Tweedens, rig Hahlo die volgende kritiek teen die tweede rede van regter Van Zijl³ so:⁴

"But even if the Colly and Owens approach continues to be followed in respect of agreements, it does not follow that the court, in the absence of an agreement, has power under section 10(1)(a) to order that the obligation is to continue after the guilty spouse's death."

Ook die derde rede van regter Van Zijl⁵ sê Hahlo⁶ is nie oortuigend nie. Die gemenerereg het tog bepaal dat die onderhoudsaanspraak na die dood van die pligtige nie voortgaan nie.⁷ Om die wysiging wat regter Van Zijl voorstaan, te bewerkstellig - moes die wetgewer dit dan nie eerder eksplisiet gestel het nie?

Hahlo konkludeer dan met die volgende standpunt:⁸

"The question whether the obligation to pay maintenance continues after the debtor spouse's death was clearly one the legislature should have dealt with but failed to deal with when the Matrimonial Affairs Act was passed. In consequence it was left wide open. It is not suggested for a minute that Mr. Justice Van Zijl's ruling is wrong, only that the opposite conclusion could equally well have been arrived at and would have yielded in some cases more satisfactory results."⁹

-
1. 1946 CPD 226.
 2. Hierbo 395.
 3. Hierbo 396.
 4. 390.
 5. Hierbo 396.
 6. 390.
 7. Hierbo I 2 1.
 8. 391.
 9. Kyk H R Hahlo 1961 SALJ 31 32-33 waar hy kommentaar lewer op die beslissing van Hughes NO v The Master and Another 1960 4 SA 936 (K) - hierbo 292 vn 4 en voordat Copelowitz 1969 4 SA 64 (K) oor art 10(1)(a) beslis is. Verwysende na hierdie problematiek rondom art 10(1)(a) het Hahlo groot simpatie, in teenstelling met wat hierbo gestel is, vir die handhawing van die bevel na die dood van die pligtige. Kyk ook H R Hahlo en June D Sinclair The Reform of the South African Law Of Divorce 1980 44. Kyk ook H R Hahlo The South African Law of Husband And Wife 5e Uitg 1985 370-371.

Joubert¹ handhaaf ook 'n standpunt teenoorgesteld aan die Copelowitz²-beslissing en wil ook op grond van die feit dat gemeenregtelik die onderhoudsaanspraak by die dood van die pligtige verval, dit ook met 'n onderhoudsbevel moet gebeur.³

Gedagtig aan die gemeenregtelike posisie by dood van die pligtige en die feit dat die wetgewer dit ook nie eksplisiet gereël het nie, is 'n sterk saak uit te maak dat die Copelowitz⁴-beslissing verkeerd beslis was ten aansien van artikel 10(1)(a) van die Wet op Huweliksaangeleenthede⁵ en dat ook bevele ingevolge artikel 7(2) van die Wet op Egskeiding,⁶ by die dood van die pligtige verval.

4.3 SEKWESTRASIE VAN DIE PLIGTIGE SE BOEDEL

Watter effek het die sekwestrasie van die pligtige se boedel op die voortbestaan van die onderhoudsbevel?

Voor die saak van Weinberg v Weinberg⁷ het die hof aanduidings gegee dat die sekwestrasie van die pligtige se boedel nie sy onderhoudsverpligting beëindig nie.⁸

Regter Van Wyk⁹ word versoek om respondent skuldig te bevind aan minagting van 'n hofbevel omdat hy nie 'n onderhoudsbevel nagekom het nie. As verweer voer respondent aan dat die onderhoudsbevel deur sy insolvensie uitgewis is en dat hy gevolglik nie onderhoud verskuldig was nie. Hierop antwoord regter Van Wyk:¹⁰

"In my view an order for maintenance of a dependant is not terminated by insolvency. Sec. 23(5) of the Insolvency Act in effect provides that an insolvent is entitled to retain so much of any moneys received by him in the course of his profession, occupation or other employment as in the opinion of the Master

-
1. J D van der Vyver en D J Joubert Persone- En Familiereg 2e Uitg 1985 694.
 2. 1969 4 SA 64 (K).
 3. Kyk ook R W Lee en A M Honoré Family, Things and Succession 2e Uitg 1983 par 127 vn 2 138.
 4. 1969 4 SA 64 (K).
 5. Wet 37 van 1953.
 6. Wet 70 van 1979.
 7. 1958 2 SA 618 (K).
 8. Tregoning v Tregoning 1914 WLD 95 96, R v Blundell 1943 TPD 146 150.
 9. Weinberg v Weinberg 1958 2 SA 618 (K).
 10. 620.

is necessary for the support of the insolvent and those dependent on him. Sec. 79 of the said Act authorises a trustee with the consent of the Master to allow an insolvent such moderate sum of money or goods out of the insolvent's estate as may appear to the trustee to be necessary for the support of his dependants. It is clear from the above sections that an insolvent's duty to support his dependants is not terminated by his insolvency and does not pass to his trustee. Sec. 23(6) of the Act makes provision for an insolvent being sued in his own name without reference to the trustee in any matter in so far as it does not affect his estate. In as much as the Insolvency Act contains specific provisions to enable an insolvent to maintain his dependants, it seems clear that a claim for maintenance is not a liability which effects his distributable estate, but is a right enforceable against the insolvent personally in terms of the said sec. 23(6). Insolvency accordingly does not terminate an obligation in regard to maintenance of a dependant."¹

Aansluitend by hierdie onderwerp kan die probleem of 'n onderhoudseis by sekwestrasie van die pligtige se boedel as 'n geldige skuld bewys kan word en saam met ander skulde van skuldeisers in 'n concursum creditorum kan meeding om uitbetaling?

Die algemene reël is dat alleen vorderings wat voor sekwestrasie ontstaan het en gelikwideerd is as skulde kwalifiseer wat teen die boedel bewys kan word deur die skuldeiser of sy verteenwoordiger.²

Die vraag om te beantwoord is dus of 'n onderhoudseis 'n vordering is wat voor sekwestrasie ontstaan het en gelikwideerd is en of die onderhoudsge-regtigde 'n skuldeiser is.

Ek dink nie daar bestaan enige twyfel oor die feit dat 'n bestaande onderhoudsbevel, 'n vordering is wat voor sekwestrasie ontstaan het nie. Die probleem wat egter hier ontstaan, slaan nie op agterstallige onderhoud wat voor sekwestrasie agterstallig was nie, maar slaan op daardie toekomstige bedrae wat nog uitbetaal moet word. Is laasgenoemde ook vorderings wat voor sekwestrasie ontstaan het? Aangesien die wetgewer in artikel 44(1) alleenlik praat van vorderings wat voor sekwestrasie ont-

1. Met goedkeuring na verwys in Copelowitz v Copelowitz and Others NO 1969 4 SA 64 (K) 73H, A F Philip and Co Ltd and Others v Adie Nc and Others 1970 4 SA 251 (R) 257E-F. Kyk ook C J M Natnan 1970 SCSAL 290, R W Lee & A M Honoré Family, Things and Succession 2e Uitg 1983 par 127 vn 2 138-139, H R Hahlo The South African Law of Husband And Wife 5e Uitg 1985 142 371, J D van der Vyver en P J Joubert Per-sone- En Familiereg 2e Uitg 1985 694.
2. Art 44(1) van die Insolvensiewet, Wet 24 van 1936. Kyk ook hieroor Proksch v Die Meester en Andere 1969 4 SA 567 (A), Vather v Dhavray 1973 2 SA 232 (N) 236A-B.

staan het en nie ook voor sekwestrasie opeisbaar is nie, wil 'n mens se gevoel ook toekomstige bedrae hierby insluit. Dit is dan ook die mening van regter-president Greenberg in 'n obiter dictum in R v Blundell.¹ Regter-president Greenberg kom to hierdie slotsom na aanleiding van artikel 48, wat dit moontlik maak vir 'n skuldeiser wie se vordering teen 'n insolvente boedel van 'n voorwaarde afhanklik is, om daardie vordering te bewys. Selfs artikel 50(2) maak dit vir 'n skuldeiser moontlik om 'n skuld aangegaan voor sekwestrasie, maar wat eers na sekwestrasie opvorderbaar word, teen die boedel te bewys. Dit dui alles daarop dat die vordering nie ook voor of op die dag van sekwestrasie opvorderbaar moes gewees het nie.

Aan hierdie vereiste dink ek voldoen dan ook onderhoudsvorderings.² Die volgende vereiste stel dit dat die vordering gelikwideerd moet wees. Alleen gelikwideerde vorderings mag bewys word.³ Is onderhoudsvorderings gelikwideerd?

As definisie word 'n gelikwideerde vordering aangegee as een vir die betaling van 'n geldsom waarvan die bedrag seker en vasstaande is.⁴ Die bedrag kan seker en vasstaande wees op grond van ooreenkoms, hofbevel en andersins.⁵

In hierdie opsig kwalifiseer 'n eis vir agterstallige onderhoud ook, ten minste waar 'n finale vonnis verkry is,⁶ maar myns insiens geld dieselfde nie vir toekomstige onderhoud nie vanweë die feit dat die hof dit kan wysig.⁷

Die vereiste van skuldeiser moet vervolgens ondersoek word.

Die Insolvensiewet omskryf nie die begrip skuldeiser nie, maar stel dit in artikel 44(1) duidelik dat alleen 'n skuldeiser of sy verteenwoordiger die eis kan instel. Kwalifiseer 'n onderhoudsgeregtigde dus nie as 'n skuldeiser nie, kan die eis nie bewys word nie. Dieselfde vereiste word ook in die Zimbabwe se Insolvency Act, Ch 53 van 1963, gestel.⁸

1. 1943 TPD 146 149.
2. Vgl na analogie appèlregter Rumpff in Proksch v Die Meester en Andere 1969 4 SA 567 (A) 570.
3. Proksch v Die Meester en Andere 1969 4 SA 567 (A).
4. Suid-Afrikaanse Handelsreg onder redaksie van S R van Jaarsveld 1983 Vol III 345 en gesag aangehaal in vn 222.
5. 345 vn 222.
6. Vgl o a Williams v Carrick 1938 TPD 147 152, Young v Coleman 1956 4 SA 213 (D) 220A.
7. A F Philip & Co Ltd and Others v Audie NO and Others 1970 4 SA 251 (R) 257H-258A.
8. Art 37.

Artikel 2 van laasgenoemde Wet gee 'n definisie van skuldeiser aan as:
"creditor includes any person who is a creditor in the usual sense
of the word." Op grond hiervan sê regter Greenfield:¹

"As the verb 'includes' is used, and not the verb 'means',
it would seem that this definition is not exhaustive."

Verwysende onder andere na McLean v McLean's Trustee² kom regter Greenfield tot die slotsom dat die begrip skuldeiser 'n baie wye begrip is.³ Op aandrang van die regsvertegenwoordiger van die respondent moet dit ook 'n onderhoudsgeregtigde insluit. Regter Greenfield aanvaar nie hierdie betoog nie. As ratio hiervoor sê hy dat "...., in the light of Weinberg's case, supra, the right to claim maintenance is not continued as against the trustee on insolvency but remains and may be enforced against the personal estate of the insolvent. I consider that the debt created by such right is not a creditor in the usual sense of the word."⁴

As agtergrond hiertoe moet na die bepalinge van beide die Suid-Afrikaanse en Zimbabwe se insolvensie wetgewing gekyk word.

In Weinberg v Weinberg⁵ het regter Van Wyk beslis dat insolvensie van die onderhoudsplichtige nie sy onderhoudsverpligting beëindig nie. Die rede hiervoor is verbatim hierbo⁶ aangehaal. In die lig van die bepalinge van artikels 23(5) en 79 van die Suid-Afrikaanse Insolvensiewet⁷ is die insolvent se persoonlike boedel (dit omsluit geld ontvang uit sy professie, beroep en diens) na sekwestrasie van sy boedel aanspreeklik vir die onderhoudsverpligtinge van die insolvent en sy afhanklikes. Die insolvente boedel onder beheer van die kurator is verantwoordelik om die bewese eise van skuldeisers te betaal. Op grond van die verskil in verpligtinge tussen die gesekwestreerde boedel en die persoonlike boedel van die insolvent, word onderhoudsverpligtinge nie geraak

-
1. A F Philip & Co Ltd and Others v Adie NO and Others 1970 4 SA 251 (R) 254.
 2. 1923 AD 141 148 soos na verwys op 254 van die verslag.
 3. 254.
 4. 257F.
 5. 1958 2 SA 618 (K).
 6. 398-399.
 7. Wet 24 van 1936.

nie en duur dit voort. Na aanleiding hiervan sê regter Greenfield¹ ten aansien van die Zimbabwe reg, wat gelykluidend is, dat die reg van afhanklikes op onderhoud nie 'n las is wat die insolvente boedel ten laste val nie.² Die onderhoudsgeregtigde is nie 'n skuldeiser in die sin wat artikel 44(1) van die Suid-Afrikaanse Insolvensiewet³ of artikel 37 van die Zimbabwe Insolvency Act, Ch 53 van 1963 stel nie en daarom kan hierdie eis nie bewys word teen die gesekwestreerde boedel nie.

Nathan⁴ spreek egter kritiek uit teen die beslissing van regter Greenfield.⁵ Drie redes word aangevoer.

Eerstens word daar onderskei tussen die Weinberg⁶- en Philip⁷-beslissings en word aangevoer dat Weinberg⁸ se saak nie gehandel het oor die vraag of die eis teen die gesekwestreerde boedel lê nie, maar of die onderhoudsverpligting beëindig word deur die insolvensie.

Hiermee gaan ek akkoord, maar die rede hoekom die insolvensie nie die onderhoudsverpligting beëindig nie is soos reeds gemeld omdat die gesekwestreerde boedel nie daarvoor aanspreeklik is nie. Dit word deur regter Greenfield beskou as gesag dat die onderhoudsverpligting nie as 'n vordering teen die gesekwestreerde boedel bewys mag word nie. Hiermee gaan ek akkoord en kan ek nie die kasuïstiek waarna Nathan verwys as grond vir 'n beginselwysiging aanvaar nie.

Tweedens, verwys regter Greenfield in sy uitspraak na Beinart se artikel⁹ waar laasgenoemde aanvoer dat onderhoudseise ex lege nie saam met gewone krediteure kan meeding om die bates van die boedel van die oorledene nie. Kritiek teen hierdie standpunt as gesag dat 'n onderhoudseis nie teen die insolvente boedel bewys mag word nie, sê Nathan¹⁰ is geregverdig

-
1. A F Philip & Co Ltd and Others v Adie NO and Others 1970 4 SA 251 (R).
 2. 256.
 3. Wet 24 van 1936.
 4. 1970 ASSAL 290.
 5. A F Philip & Co Ltd and Others v Adie NO and Others 1970 4 SA 251 (R).
 6. 1958 2 SA 618 (K).
 7. 1970 4 SA 251 (R).
 8. 1958 2 SA 618 (K).
 9. B Beinart 1958 AJ 92.
 10. 290.

omdat Beinart nie in die artikel oor insolvensie skryf nie. Hierop kom ek later terug.¹

Derdens, "..., as the learned judge conceded, the definition of 'creditor' in the Act is very wide - wide enough, it is submitted, to include a person with a claim for maintenance."²

Regter Greenfield gee wel toe dat die begrip "skuldeiser" 'n wye begrip is, maar die eis word op grond van die statutêre bepalinge soos bespreek deur regter Van Wyk³ uitgesluit.⁴

In die lig van bogemelde stem ek met die Philip⁵-beslissing saam dat 'n onderhoudseis nie teen die insolvente boedel bewys kan word nie; op die algemene reël plaas ek egter 'n beperking en geld die reël alleenlik vir onderhoudseise na insolvensie en nie vir 'n agterstallige eis tot op datum van sekwestrasie nie. Uit die feitelike gegewens van beide die Weinberg⁶- en Philip⁷-beslissings het die hof hom nie uitgelaat oor die bewys van agterstallige onderhoud as vordering wat bewys mag word nie. Albei beslissings het gehandel oor die gevolge van insolvensie op die onderhoudsverpligting na insolvensie. In Philip⁸ het die hof tot die slotsom gekom dat dié verpligting nie teen die insolvente boedel bewys mag word nie. Daarom kan ek ook nie met Joubert⁹ saamstem nie wanneer hy sê:¹⁰

"Die aanspraak op onderhoud verval ook nie by die sekwestrasie van die boedel van die party wat tot betaling van onderhoud verplig is nie, maar hierdie gebeurtenis maak nie die ander party geregtig om, in kompetisie met skuldeisers, 'n vordering teen die boedel ten opsigte van agterstallige paaieimente te bewys nie. (Weinberg v Weinberg 1958 2 SA 618 (K))."

-
1. Hieronder 404 e v.
 2. 290.
 3. Weinberg v Weinberg 1958 4 SA 618 (K).
 4. Hierbo 401-402.
 5. 1970 4 SA 251 (R).
 6. 1958 2 SA 618 (K).
 7. 1970 4 SA 251 (R).
 8. 1970 4 SA 251 (R).
 9. J D van der Vyver en D J Joubert Persone- En Familiereg 2e Uitg 1985.
 10. 694.

Indien Joubert in plaas van "agterstallige" die woord "toekomstige" gebruik het, sou ek dieselfde mening gehuldig het. Die rede waarom ek dié standpunt huldig, is nie alleen beperk tot die rede¹ genoem nie, maar word myns insiens versterk deur artikels 23(5) en 79 van die Insolvensiewet.² Wanneer hulle woordgebruik gelees word kan dit myns insiens net slaan op onderhoudsvorderings na sekwestrasie en laat dit nie ruimte om agterstallige vorderings hierby te betrek nie.³

Na my mening moet daar onderskei word tussen agterstallige onderhoudseise voor sekwestrasie en onderhoudseise na sekwestrasie.⁴ Laasgenoemde eise kan nie teen die insolvenste boedel bewys word nie omdat hulle statutêr deur artikels 23(5) en (6) saamgelees met artikel 79 van die Insolvensiewet⁵ uitgesluit word - anders gestel, die onderhoudsgeregtigde kwalifiseer nie as 'n skuldeiser vir hierdie eise in terme van die Wet nie. Hierdie interpretasie bring myns insiens nie mee dat vorderings voor sekwestrasie nie bewys kan word nie en kwalifiseer die onderhoudsgeregtigde ten opsigte van hierdie vorderings wel as 'n skuldeiser en die onderhoudseis as 'n vordering in terme van artikel 44(1).

Daar bestaan ook gesag deur Beinart⁶ wat my standpunt ten aansien van agterstallige onderhoudseise moontlik ongedaan kan maak en die doel is om die moontlikheid te toets.

In dié omvangryke artikel bespreek Beinart die probleem rondom die aanspraak van 'n langsliewende eggenoot vir onderhoud teen die boedel van die eerssterwende eggenoot.⁷

-
1. Hierbo 403.
 2. Wet 24 van 1936.
 3. David Shrand The Law and Practice of Insolvency, Winding-up of Companies and Judicial Management 3e Uitg 1977 101 en H R Hahlo The South African Law of Husband And Wife 5e Uitg 1985 142 stel bloot die algemene reël dat onderhoudsvorderings nie teen die insolvente boedel bewys kan word nie, sonder om spesifiek na agterstallige onderhoud te verwys.
 4. Vgl ook W H Mars The Law of Insolvency in South Africa 7e Uitg 1980 par 16 1 310-311 par 17 3 326.
 5. Wet 24 van 1936.
 6. 1958 AJ 92.
 7. Hierbo I 2 1.

In sy ontplooiing van sy standpunt maak hy 'n onderskeid tussen onderhoud uit hoofde van legaat en kontrak aan die een kant en onderhoud ex lege aan die ander kant. Wat eersgenoemde betref sê hy dat net soos in die Romeinse reg¹ en die Romeins-Hollandse reg² 'n onderhoudsverpligting uit legaat sal oorgaan op die erfgename van die testateur,³ dieselfde ook geld vir onderhoud ex contractu.⁴ Met die tussenkoms van die eksekuteur sal die verpligting nie op die erfgename oorgaan nie, tensy dit so bepaal is, met ander woorde die eksekuteur sal genoegsame fondse moet uithou om in die verpligting te voorsien. Dan maak hy dié opmerking:⁵

"It remains to say that alimenta due under contract or legacy constitute an ordinary debt in the deceased estate. As such it is a debt which ranks equally with all other debts, and the beneficiary claims as an ordinary creditor.

 Whatever the position in Roman and Roman-Dutch law, in modern South African law such legacies would probably rank equally with other debts. They differ therefore from debts of aliment ex lege in that the latter can only be paid after payment of all other creditors."

Dit bring myns insiens mee dat⁶ onderhoudsvorderings ex contractu en ex legato as gewone skulde by dood opvorderbaar is, terwyl vorderings ex lege nie so bewys kan word nie. Hierdie gelykstelling van vorderings ex contractu met vorderings ex legato gaan myns insiens nie op nie. Onderhoud ex legato is tog 'n erflating wat nie met skuldvorderings konkurreer nie,⁷ maar eers na voldoening aan laasgenoemde aan die beurt kom. In hierdie lig mag vorderings ex contractu dan met ander skulde konkurrent bewys word, maar myns insiens nie vorderings ex legato en ex lege nie.

1. 94-95.

2. 96.

3. 97.

4. 97.

5. 97-98.

6. En dit is verder myn submitisie dat Beinart hier alleen na toekomstige vorderings verwys.

7. Vgl die aanhaling hieronder 406.

Beinart brei verder op hierdie verskil uit en ek haal hom ekstensief aan:¹

"The debt of maintenance ex lege is of a peculiar character. Although it transmits to the deceased, it nevertheless has certain special features; these arise from the fact that there is always a considerable discretion in the court in awarding maintenance, and from the fact that maintenance has a limited purpose, namely, to support and no more. Thus there would generally be no claim for arrear maintenance, i. e. maintenance owing but not supplied during the deceased's lifetime. As Voet says, a person does not live or have to be maintained in arrear - non enim quisquam in praeteritum vivit aut alendus est. Arrear maintenance can perhaps only be claimed where the person entitled to maintenance had to borrow from someone else in order to live. In this respect the rule is different in the case of legacies and contracts of aliments, for they are ordinary debts and lie for arrear maintenance also.

Another special feature of debts of alimenta ex lege is that they do not rank concurrently with those of other creditors of the person owing the duty to support. Aliments are only claimable according to the means of the person owing the duty - pro modo facultatum. This was the nature of his duty while he was alive, and as this is the debt which passes to his estate, the liability remains the same. It follows that the deceased estate cannot be liable till after deduction of debts due to ordinary creditors, for these latter debts reduce the estate's capacity to provide maintenance. Accordingly, debts for aliments must rank after ordinary creditors as was decided in several South African cases, though no reasons for so deciding were given in these cases.

In Visser's case the debt of alimenta ex lege was for that reason described as sui generis. However debts of alimenta ex lege will have preference over inheritances and legacies, for legatees and heirs are creditors ex causa lucrativa and must be postponed to all other debts. This means, as stated in Zietsman's case, that the residue of the estate first, and thereafter the legacies must abate in favour of such alimentary debts."

In hierdie gedeelte wys Beinart tereg daarop dat agterstallige onderhoudsvorderings ex lege nie bewysbaar is nie op grond van die non in praeteritum vivit aut alendus est-reël. Ander agterstallige onderhoudsvorderings is wel opvorderbaar. Indien daar egter 'n hofbevel vir vorderings ex lege was, sou hulle ook as skuld opvorderbaar gewees het en sou die non in praeteritum vivit aut alendus est-reël nie gegeld het nie. Hoewel dit hier nie oor insolvensie van die pligtige gehandel het

1. . 109-110.

nie, maak regter Greenfield¹ die volgende gevolgtrekking:²

"At p. 98 he expresses the opinion that the former³ would probably rank equally with other debts. At p. 110 he says that the latter⁴ do not rank concurrently with those of other creditors of the person owing the duty to support."

Hierdie mening van regter Greenfield is myns insiens n obiter dictum en is die kritiek van Nathan⁵ nie sonder meriete nie.

Maar daar moet ook op ander gesigspunte die aandag gevestig word. Die interpretasie wat regter Greenfield aan die standpunt van Beinart gee, juis met betrekking tot insolvensie van die pligtige, handel myns insiens oor toekomstige vorderings alleen.⁶ In hierdie opsig is dit sy mening dat vorderings ex contractu en ex legato bewysbaar is en rep hy geen woord oor agterstallige onderhoudsvorderings nie. Soos reeds aangetoon⁷ is daar myns insiens nie meriete om vorderings ex contractu en vorderings ex legato oor dieselfde kam te skeer nie en kan daar hoogstens sprake van bewysbaarheid van toekomstige vorderings ex contractu en nie van die bewysbaarheid van toekomstige vorderings ex legato wees nie. Hoe dit ookal mag wees, is daar myns insiens nêrens uit die standpunt van Beinart, die afleiding te maak dat agterstallige eise dieselfde behandel moet word nie en is daar uit die standpunt van Beinart⁸ myns insiens juis meriete te vind dat alle agterstallige vorderings (hetsy ex contractu, hetsy ex legato, hetsy ex lege) by insolvensie van die pligtige bewysbaar is. Op grond hiervan is ek van mening dat die standpunt van Beinart nie my standpunt ten opsigte van die bewysbaarheid van agterstallige onderhoudseise by sekwestrasie van die pligtige se boedel ongedaan maak nie.

Word regter Greenfield se interpretasie oor die bewysbaarheid van (toekomstige) onderhoudsvorderings na insolvensie van die pligtige nagevolg,⁹

-
1. A F Philip & Co Ltd and Others v Adie NO and Others 1970 4 SA 251 (R)
 2. 256H.
 3. Onderhoud ex legato en ex contractu.
 4. Onderhoud ex lege.
 5. Hierbo 402-403.
 6. Vgl die feite van die Phillip (1970 4 SA 251 (R)) saak.
 7. Hierbo 405.
 8. Veral 109-110, hierbo 406.
 9. Hierbo 407.

sal dit tot gevolg hê dat alleen onderhoudsvorderings ex contractu teen die insolvente boedel bewys kan word en nie vorderings ex lege nie,¹ en sal die feit of 'n onderhoudsbevel tussen eggenotes by egskeiding, 'n bevel ex contractu of 'n bevel ex lege is van kardinale belang wees - eersgenoemde is dan moontlik bewysbaar maar laasgenoemde nie.² Myns insiens is, nadat skuld as voorvereiste vir 'n onderhoudsbevel tot 'n groot mate verdwyn het, onderhoudsbevele, (hetsy ingevolge artikel 7(1) hetsy ingevolge artikel 7(2) van die Wet op Egskeiding, Wet 70 van 1979) bevele ex lege en is dit hoogstens bestaande bevele, ingevolge artikel 10(1)(b) van die Wet op Huweliksaangeleenthede³ waar die skuldige, die onderhouds-geregtigde is, bevele ex contractu wat moontlik ten aansien van toekomstige onderhoudsvorderings na insolvensie teen die insolvente boedel bewys kan word omdat hulle in effek "gewone" skulde is.⁴

4.4 HERTROUE EN VERWANTE AANGELEENTHEDE

4.4.1 Hertroue van die geregtigde

Sowel artikel 10(1)(a) van die Wet op Huweliksaangeleenthede⁵ as artikel 7(2) van die Wet op Egskeiding⁶ stel dit uitdruklik dat 'n onderhoudsbevel ingevolge hierdie artikels uitgevaardig, beëindig word deur die hertroue van die geregtigde. Natuurlik word onder hertroue, 'n regsgeeldig huwelik verstaan.⁷

Bevele ingevolge ooreenkoms uitgevaardig ingevolge artikel 10(1)(b) van die Wet op Huweliksaangeleenthede⁸ of artikel 7(1) van die Wet op Egskeiding⁹ plaas nie die bevel se duur afhanklik van die ontbindende voor-

-
1. Laasgenoemde vordering het voorgekom in A F Philip & Co Ltd and Others v Adie NO and Others 1970 4 SA 251 (R) en daarom is die uitspraak nie teenstrydig met hierdie interpretasie nie.
 2. Gelikwideerdheid van die vordering mag nog steeds 'n struikelblok wees. Hierbo 400.
 3. Wet 37 van 1953.
 4. Selfs hierdie aspek in die lig van Strauss v Strauss 1974 3 SA 79 (A) 96 is nie sonder twyfel nie en kan tot gevolg hê dat ook hierdie bevele nie bewysbaar is nie, aangesien hulle moontlik ook as bevele ex lege gesien kan word.
 5. Wet 37 van 1953.
 6. Wet 70 van 1979.
 7. H R Hahlo en June D Sinclair The Reform of the South African Law of Divorce 1980 44, H R Hahlo The South African Law of Husband And Wife 5e Uitg 1985.357 371.
 8. Wet 37 van 1953.
 9. Wet 70 van 1979.

waarde van hertroue nie. Op grond hiervan huldig Hahlo¹ die standpunt ten opsigte van artikel 10(1)(b) van die Wet op Huweliksaangeleenthede² dat "...., there is, it would seem, no objection to an agreement providing for the payment of maintenance to the wife until death irrespective of remarriage being incorporated in the order of court."³

Na aanleiding van die standpunt wat ek huldig⁴ behoort so 'n ooreenkoms nie deur die hof, 'n bevel gemaak te word nie en verval dit by hertroue van die geregtigde.

Oor die effek van hertroue van die pligtige op die bevel is reeds na verwys.⁵

Word die hertroue van die geregtigde vir die pligtige verswyg en laasgenoemde gaan voort om onderhoud te betaal ingevolge 'n bevel wat reeds tot 'n einde gekom het, behoort die pligtige alle bedrae wat onverskuldig voorsien is te kan verhaal met die condictio indebiti.⁶

4.4.2 Nietige huwelik gesluit deur die geregtigde

Volgens Hahlo⁷ sal 'n nietige huwelik moontlik nie die bevel beëindig nie en die agterliggende rede is myns insiens die feit dat 'n nietige huwelik nie 'n regsgeldige huwelik is nie, maar, "...., it is submitted that a wife cannot claim arrear maintenance from her ex-husband for the time during which she was to all appearances another man's legal wife or, at least, for the time during which she was in fact supported by him. Though the in praeteritum non vivitur rule does not apply where a maintenance order is in existence, it is contrary to justice and equity that she should be able to collect support for the same period from her ex-husband as well as from her 'putative' second 'husband'. If necessary, the position can be met by a variation of the maintenance order

-
1. The South African Law of Husband And Wife 4e Uitg 1975.
 2. Wet 37 van 1953.
 3. 446. Ten aansien van art 7(1) van die Wet op Egskeiding huldig hy in die 5e Uitg 356 dieselfde standpunt.
 4. Hierbo II 2 B 1 2 3 5 5 2.
 5. Hierbo II 3 5 4 2 2 4 3.
 6. H R Hahlo The South African Law of Husband And Wife 5e Uitg 1985 372.
 7. The South African Law of Husband And Wife 5e Uitg 1985 103 371.

in respect of the arrears."¹

Naas die feit dat 'n huwelik nietig mag wees, kan dit ook putatief wees. Die gevolge van 'n putatiewe huwelik is om aan 'n nietige huwelik tog sekerere gevolge van 'n geldige huwelik toe te dig.² Aangesien artikel 10 van die Wet op Huweliksaangeleenthede³ aan die hof alleen die bevoegdheid verleen het om by egskeiding onderhoudsbevele te maak (en in hierdie opsig is artikel 7 van die Wet op Egskeiding, Wet 70 van 1979, gelykluidend) stem ek met Hahlo⁴ saam dat die hof nie by aansoek om 'n nietigverklaring van 'n nietige huwelik 'n onderhoudsbevel ingevolge artikel 7 van die Wet op Egskeiding kan uitvaardig nie. Ook het die hof nie hierdie gemeenregtelike bevoegdheid nie met die gevolg dat daar nie die moontlikheid bestaan om onderhoud van die putatiewe eggenoot te eis nie.⁵

Samevattend: 'n nietige huwelik hef nie die onderhoudsbevel op nie, maar behoort 'n invloed as wysigingsfaktor te hê.⁶

4.4.3 Vernietigbare huwelik gesluit deur die geregtigde

Hierdie situasie verskil moontlik van dié by die vernietiging van 'n nietige huwelik⁷ en kan 'n bestaande onderhoudsbevel beëindig.

Die kardinale vraag waarom dit hier wentel gaan oor die vraag of 'n vernietigingsbevel in hierdie omstandighede ex nunc of ex tunc geld.

Rabie⁸ beskou hierdie vraagstuk met verwysing na hofsake (waarvan die meeste obiter dicta was) en kom tot die gevolgtrekking dat "(t)erwyl daar geen deurslaggewende gesag bestaan om die stelling insake terugwerkendheid te onderskryf nie, en aangesien dit buitendien tot onbillike en belaglike gevolge aanleiding gee, moet die gevolgtrekking gemaak word dat dit verkeerd is."⁹

1. H R Hahlo The South African Law of Husband And Wife 5e Uitg 1985 371. Kyk ook 4e Uitg 1975 454 vn 173 se verwysing na die Amerikaanse saak van Flaxman 57 NJ 458, 273A 2d 567, 45 ALR 3d 1026 (1971) wat ook die mening huldig dat 'n nietige huwelik nie 'n bestaande onderhoudsbevel beëindig nie.
2. H R Hahlo The South African Law of Husband And Wife 5e Uitg 1985 113.
3. Wet 37 van 1953.
4. The South African Law of Husband And Wife 5e Uitg 1985 116.
5. Nêrens in die gemenerereg deur my nagegaan kon ek hiervoor bevestigende gesag vind nie. Vgl veral hierbo I 2.
6. Indien mens dit dan as wysigingsfaktor beskou, kan dit bes moontlik hierbo in II 3 5 4 2 1 2 ingedeel word.
7. Hierbo II 4 4 2.
8. 1965 THR-NR 46.
9. 49.

Hy is 'n voorstander van die standpunt dat die vernietiging dus ex nunc en nie ex tunc of terugwerkend is nie. Dit beteken dat tot op datum dat die huwelik vernietig word, die huwelik en al sy gevolge dié van 'n geldige huwelik is. Daarom dat hy ook sê:¹

"'n Vergelyking met die effek van egskeiding is nie onvanpas nie."

Hy gee nie hierdeur te kenne dat vernietiging in alle opsigte gelyk aan egskeiding is nie en gevolglik kan onderhoud ook nie hierna geëis word nie.²

Die gevolg van Rabie se standpunt is dat die vernietigingsbevel 'n einde aan 'n geldige huwelik bring, met die gevolg dat 'n onderhoudsbevel beëindig word en nie weer herleef nadat die vernietigbare huwelik, vernietig is nie.³

As alternatief tot hierdie standpunt sê Hahlo:⁴

"If, however, contrary to this view, the maintenance order should revive, it would only be with effect from the date of the annulment, and not retroactively. It would be contrary to public policy to allow the wife to force her ex-husband to pay her maintenance for the time during which her second marriage was operative."

Joubert⁵ maak ook 'n vernietigingsbevel terugwerkend van krag. Met die gevolg dat die ekonomiese gevolge en verpligtinge wat die vernietigbare huwelik geskep het, gekanselleer word en die posisie is asof die partye nooit getroud was nie. Op hierdie algemene reël plaas hy 'n beperking⁶ en dit is dat ten opsigte van derdes (en hierby sluit hy kinders in) moet 'n mens die nadelige gevolge wat die vernietiging tot gevolg het, temper en die huwelik behandel asof dit bestaan het. Hoewel Joubert

-
1. 50.
 2. 50 vn 31.
 3. H R Hahlo The South African Law of Husband And Wife 5e Uitg 1985 huldig ook die standpunt dat die onderhoudsbevel nie herleef nie, (371) omdat hy ook die vernietiging in hierdie verband gelykstel met egskeiding. Anders as Rabie, gee Hahlo aan die vernietigingsbevel retroaktiewe werking, (109-111) maar ten aansien van vorige onderhoudsbevele word daar 'n uitsondering gemaak wat die vernietigingsbevel alleen ex nunc laat geld.
 4. The South African Law of Husband And Wife 5e Uitg 1985 372. Hierbo vn 3.
 5. J D van der Vyver en D J Joubert Persone- En Familiereg 2e Uitg 1985 519.
 6. 519.

nie die aspek onder bespreking direk aanraak nie, is die afleiding myns insiens geregverdig om die gewese geskeide "eggenoot" as 'n derde te behandel met die gevolg dat die onderhoudsbevel by aangaan van die vernietigbare huwelik verval het en nie by vernietiging herleef nie.

Gesien die probleme en uitsonderings wat die laaste standpunt tot gevolg het,¹ lyk die standpunt van Rabie² die mees verkieslike en het die sluit van 'n vernietigbare huwelik tot gevolg dat die onderhoudsbevel opgehef word.

4.4.4 Onkuisie gedrag van die onderhoudsgeregtigde

Die immorele en onkuisie gedrag van die onderhoudsgeregtigde as wysigings- en/of intrekingsfaktor, is reeds bespreek.³ Vir 'n samevattende posisie van hierdie lewenswyse op die voortbestaan van 'n onderhoudsbevel let veral op 378-381.

4.5 AFSTANDDOENING VAN DIE REG OP ONDERHOUD INGEVOLGE 'N ONDERHOUDSBEVEL

Die probleem rondom afstanddoening van die aanspraak om onderhoud te eis, is reeds bespreek.⁴ Daar is ook verwys na die standpunt dat afstanddoening van die reg op onderhoud ingevolge 'n bestaande onderhoudsbevel nie verbied word nie.⁵

Die reg soos vergestalt in Wright v Wright⁶ huldig myns insiens die standpunt dat die bevel nie ipso iure beëindig word nie,⁷ maar dat by 'n aansoek om intrekking van die bevel op grond van die afstanddoeningsooreenkoms, die hof gebonde is om die bevel in te trek.⁸

1. Hierbo 411-412.
2. Hierbo 410.
3. Hierbo II 3 5 4 3 9.
4. Hierbo II 1 6 110-112.
5. Hierbo 113-116.
6. 1978 3 SA 47 (OK) 51.
7. Hierbo 113-114.
8. Hierbo 114-116. By wyse van analogie kan ook na die rol, wat 'n wysigingsooreenkoms by wysigingsaansoeke van 'n onderhoudsbevel speel, verwys word, waarvolgens die standpunt gehuldig word dat die hof gebonde is aan die wysigingsooreenkoms tussen die partye. Hierbo II 3 5 4 3 5 371 e v.

Die effek van die afstanddoeningsooreenkoms is nie dat die bevel ipso iure beëindig word nie, maar om die bevel op te hef is 'n intrekingsbevel nodig. Vir die interim periode totdat die intrekingsbevel verkry word, is die bevel nog van krag, maar myns insiens inhoudloos.

4.6 ANDER BEPALINGS VAN DIE ONDERHOUDSBEVEL

Benewens die gevalle hierbo,¹ kan daar ook ander bepalinge in die bevel voorkom wat by voldoening daaraan beëindiging van die bevel beteken. Dit maak nie saak of die bepaling in die bevel opgeneem is op grond van 'n ooreenkoms tussen die partye en of die hof die beperking mero motu in die bevel opgeneem het nie. Die vergestaltung van hierdie bepalinge is legio. Telkens sal na die betrokke bevel gekyk moet word en die bepalinge daarvan geïnterpreteer moet word wat die gevolg daarvan is.²

Indien die bevel nie 'n uitdruklike bepaling bevat nie, kan daar 'n stilswyende bepaling vir beëindiging ingelees word indien dit die bedoeling van die bevel was.³

Is die bevel nie onduidelik; vaag of onvolledig nie, is dit nie nodig om 'n stilswyende bepaling vir ontbinding in te lees nie.⁴ Die bewoording van die bevel moet geïnterpreteer word en kan dan aanleiding gee tot beëindiging van die bevel.

Die bevinding van die hof is in die gevalle waar dit geïnterpreteer word as ontbindend van die bevel, myns insiens bloot verklarend en nie konstituetief nie.

4.7 INTREKKING VAN DIE ONDERHOUDSBEVEL DEUR DIE HOF

Die hof besit ook ingevolge artikel 8(1) van die Wet op Egskeiding,⁵ die bevoegdheid om 'n onderhoudsbevel in te trek, indien die hof van oordeel is dat daar voldoende rede daarvoor aanwesig is. Faktore wat mag

-
1. II 4 2, II 4 4, II 4 5.
 2. J D van der Vyver en D J Joubert Persone- En Familiereg 2e Uitg 1985 694.
 3. Kyk Richter v Richter 1947 3 SA 86 (W) 90-91, Rheeder v Rheeder 1950 4 SA 30 (K) 30H-31A, Russell v Boughton 1955 2 SA 229 (SR) 231. By implikasie ook Kemp v Kemp 1958 3 SA 736 (D) 738-739, S v Richter 1964 1 SA 841 (O).
 4. Russell v Boughton 1955 2 SA 229 (SR) 231.
 5. Wet 70 van 1979.

dien tot wysiging van 'n onderhoudsbevel kan ook in gepaste gevalle tot intrekking van die bevel dien.¹

Intrekking van die bevel het tot gevolg dat die bevel uitgewis of tot niet gemaak word en alle regs krag verloor,² vanaf oomblik van intrekking. In hierdie gevalle is die bevel konstituetief van aard.

4.8 GEVOLGTREKKING

1. Die polemieë rondom die voortbestaan van 'n onderhoudsbevel na die dood van 'n pligtige gaan hand aan hand met die erkenning van 'n onderhoudsaanspraak teen die boedel van 'n oorlye eggenoot.³ Dit is jammer dat die wetgewer nie hierdie aspek uitdruklik gereël het nie en is die simpatie aan die kant van die siening dat die bevel by die dood van die pligtige moet verval. Indien die voorstel van die Regskommissie aanvaar sou word,⁴ sal dit die huidige regsbeskouing meer aanvaarbaar maak as wat tans die geval is.
2. Hertroue van die onderhoudsgeregtigde behoort ook die onderhoudsbevel wat op grond van ooreenkoms gemaak is, tot niet te maak en behoort 'n onderneming dat onderhoud desnieteenstaande die hertroue van die geregtigde voorsien sal word, nie in 'n onderhoudsbevel opgeneem te word nie aangesien dit contra bonos mores is.⁵
3. Onderhoud kan nie van 'n putatiewe eggenoot na vernietiging van die huwelik verhaal word nie.⁶ Ingevolge die woordoms krywingsartikel⁷ sluit 'n "egskeidingsgeding" nie 'n nietigverklaringsbevel in nie met die gevolg dat artikel 7 nie toepassing kan vind nie. Myns insiens is dit 'n leemte in die reg en behoort die begrip "egskei-

1. Hierbo II 3 5.

2. Hierbo II 3 4 3.

3. Hierbo I 2 1.

4. Hierbo 69-70.

5. Hierbo 408-409.

6. Hierbo 410.

7. Art 1(1)(i) van die Wet op Egskeiding, Wet 70 van 1979.

dingsgeding" ook hierdie geval te omsluit en behoort onderhoud ook in hierdie omstandigheid ingevolge artikel 7 verhaal te kan word. Die bona fides of mala fides van die applikant sal dan 'n deurslaggewende rol speel en tuisgebring kan word as faktor onder die gedrag van die partye.¹ Die gevolg hiervan sal dan wees dat 'n putatiewe huwelik 'n bestaande onderhoudsbevel moet ophef. Dieselfde regsreël behoort myns insiens ook te geld ten aansien van onderhoudsaansoeke by vernietiging van 'n vernietigbare huwelik.

1. Ingevolge art 7(2).